

Maandbeplanner vir jul troue



12 MAANDE VOOR DIE TROUE

- Stel die troudatum vas
- Bespreek die seremonie- en onthaalplek
- Begin vir jou 'n Pinterest-bord of inspirasie-lêer
- Stel 'n begroting op
- As jy 'n troubeplanner wil huur, doen dit nou
- Begin om 'n gastelys op te stel
- Hou 'n verlowingspartytjie

10 MAANDE VOOR DIE TROUE

- Stuur "save the dates" uit
- Doen navorsing vir dekor
- Besluit op 'n spysenier as dit nie by die venue ingesluit is nie en begin met die spyskaartbeplanning
- Doen navorsing oor trou-ekstras (fotohokkie, mobiele kroeg, kostrokke)

11 MAANDE VOOR DIE TROUE

- Bespreek 'n fotograaf
- Bespreek 'n videograaf
- Finaliseer jul gastelys
- Bespreek 'n DJ of/en vermaak
- Bespreek 'n bloemiste
- Nader 'n boetiek of ontwerper vir jou trourok
- Kies jul gevolg



9 MAANDE VOOR DIE TROUE

- Begin jul wittebrood reël
- Kies jul gevolg se uitrustings
- Bestel jou rok
- Bespreek 'n predikant of huweliksbevestiger
- Stel 'n oefenroetine op
- Stel 'n velroetine op

8 MAANDE VOOR DIE TROUE

- Doen navorsing vir dankiesê-geskenke
- Doen navorsing vir akkommodasie (as daar nie genoeg by die venue is nie)
- Reël iemand vir hare en grimering (bruid en strooi-meisies)



7 MAANDE VOOR DIE TROUE

- Reël vervoer
- Doen navorsing oor trou-uitnodigings (webwerf, fisieke uitnodigings, elektroniese uitnodigings)
- Kontak verhuringsondernemings vir enigiets wat jou venue nie insluit nie en finaliseer dit
- Kies en bespreek 'n seremoniemeester

6 MAANDE VOOR DIE TROUE


- Besluit wat die bruidegom gaan dra
- Besluit wat die strooi-jonkers gaan dra
- Dateer jou paspoort op indien nodig
- Bestel/koop trouinge
- Doen "tastings" en bestel jul troukoek

5 MAANDE VOOR DIE TROUE

- Besluit waar julle 'n geskenkeregister gaan hou en stel 'n lys geskenke saam
- Koop jou trouskoene (en neem dit elke keer saam as jy jou rok gaan pas)
- Koop jou reisuitrusting vir ná die onthaal en klere vir die wittebrood

4 MAANDE VOOR DIE TROUE

- Besluit op die program van verrigtinge
- Begin 'n speellys opstel
- Bespreek 'n venue vir jou "rehearsal dinner" of braai indien julle wil
- Koop/maak dankiesêgeskenke (as jy het)



3 MAANDE VOOR DIE TROUE

- Kies die mense wat toesprake gee
- Koop onderklere
- Finaliseer die blomme
- Laat weet jou spysenier hoeveel gaste jy verwag
- Finaliseer die spyskaart
- Ontwerp en bestel skryfbehoeftes (uitnodigings, plekkkaartjies, spyskaarte)
- Stuur uitnodigings uit
- Maak jou verskaffers bewus van die troudagse verloop
- Bespreek proeflopies vir hare en grimering



1 MAAND VOOR DIE TROUE

- Gaan vir 'n finale rokpas (neem jou hoofstrooimeisie saam sodat sy kan sien hoe om jou met jou rok te help)
- Laat die gevolg hul uitrustings aanpas
- Bevestig wittebroodreëlins
- Maak 'n lys van mense wat nog nie geRSVP het nie en volg op

2 MAANDE VOOR DIE TROUE

- Werk tafelplanne vir die onthaal uit
- Maak afspraak met jou haarkapper, skoonheidsterapeut en grimeerkunstenaar
- Woon dansklasse by indien nodig
- RSVP's moet nou inkom
- Ontmoet met die fotograaf en bespreek spesifieke mense, foto's en plekke wat afgeneem moet word

2 WEKE VOOR DIE TROUE

- Reël met die bank om jul kredietkaarte oorsee te gebruik en vir buitelandse valuta, indien nodig
- Laat weet die venue as die verskaffers enige spesiale versoeke het
- Bespreek die eerste nag in jul hotel
- Gaan vir jou finale haarsny en kleur
- Stuur vir die spysenier jou finale getalle
- Finaliseer tafelplanne
- Stuur die finale speellys vir die DJ
- Loop jou trouskoene in
- Kies 'n "go-to"-persoon vir die troue



WEEK VAN DIE TROUE

- Bevestig datums, tye en finale reëlings met verskaffers
- Gee die programme, spyskaart, plekkartjies, ens vir die venuebestuurder
- Spadag!
- Gaan haal jou rok!
- Delegeer troudag- en posttroudagreëlings (wie gaan die geskenke huis toe vat, wie gaan die gehuurde artikels terugneem)
- Maak seker die strooimeisies en -jonkers se uitrustings is reg
- Pak vir jul wittebrood
- Maak finale betalings aan verskaffers
- Reël versnaperings en drankies vir die aantrek-kamers
- Berei 'n "emergency bridal kit" voor
- Stuur die trouskedule aan die fotograaf en videograaf

AAND VOOR DIE TROUE

- Doen 'n proeflopie van die seremonie op die plek waar julle gaan trou
- Stel die venuebestuurder aan die "go-to"-persoon voor vir enige vrae of probleme gedurende die onthaal
- Maak seker almal wat toesprake lewer, is reg en voorbereid
- Sit trou-uitrustings reg
- Gaan slaap vroeg

TROUDAG

- Gee die trouinge vir die hoofstrooijonker
- Eet 'n lekker ontbyt
- Gaan deur die trouskedule
- Bly kalm
- Geniet jou groot dag!

